

Familienuus 360



7 Mei 2019

Familienuus 360

VANUIT DIE SINODEHUIS

"Hoe gaan dit?" "*Goed, dankie.*"

"Regtig?" "*Nie heeltemal nie...*"

Die familie van Oostelike Sinode trek bietjie swaar op hierdie stadium. Dis nie lekker om voortdurend in die nuus te wees nie.

Die Moreletapark-verhaal van die afgelope week oorheers gesprekke. Dit bring soms die mooi in ons familie-wees uit – en ander kere ook die minder mooi.

Die realiteit is dat ons 'n pad stap wat nog nooit gestap is nie. Ons het nie 'n padkaart wat presies wys hóé nie – al praat sommige asof hulle weet.

Ons is net van 'n paar goed verseker: die kerk is die kerk van die Lewende Here; die volgelinge van hierdie Here weet nie altyd maklik hoe verder nie; ons steek nie vrae weg nie; ons sit om 'n tafel en bid en praat en luister – en ons doen dit weer en weer.

Sal jy saam met ons bid?

Francois Retief

GEMEENTES

Daar is van ons gemeentes wat swaartrek. Soms is dit dalende lidmaattalle, of infrastruktuur in die gemeenskap waarvan die gemeente deel is, of finansies, of verhoudinge en konflik. Ons bid hiervoor ook...

Meyerspark se uitbeelding van die lydensweg van Jesus het groot impak gemaak. [Lees](#) die wonderlike getuienis hieroor.

Twee weke gelede is Alta Cloete, skriba in die kerkkantoor van **Lyttelton**, skielik oorlede. Sy het vir 30 jaar hierdie dienswerk daar verrig. Ons eer die Here vir haar dienswerk.

Rayton maak seker dat ons nie honger lei nie met 'n [Sosatiefees](#) op 24 – 25 Mei.

LERAARS

Ons bid ook vir ons leraars. Ons bid vir getrouheid aan ons roeping, vir lewens wat van die veranderende krag van die Evangelie getuig en vir bedieningsvreugde...

Ernst Breet van Krielpark het 'n beroep aangeneem na Vryburg-Noord. Hy vertrek op 30 Junie. Geniet die beeswêreld!

Wouter van Wyk van Tygerpoort se gesin het 'n nuwe aankomeling in die persoon van klein Anja. Baie geluk, Wouter en Simoné!

VERTEL JULLE STORIE MET 'N 90 SEKONDE VIDEO!

Lourens Bosman skryf dat die Algemene Sinode graag by die sitting in Oktober kort videos wil wys oor waar die NG Kerk se gemeentes aan die werk is en 'n verskil maak.

Ek het al die eerste video gesien – ons wag nog vir jou gemeente se verhaal.

Danie Mouton van Oos-Kaap het [riglyne](#) opgestel vir die maak van só 'n video met jou selfoon.

EXCELSUS

Ons het baie inligting ontvang oor die verskillende Excelsus-kursusse. Hierdie is 'n belangrike deel van elke leraar se voortgesette toerusting – gebruik dit gerus.

"Lig vir die nasies: Die [Ou Testament](#) se missionale stem" op 21 – 22 Mei.

[Brugbediening](#) deur Malan Nel op 29 Julie – 2 Augustus en 4 – 7 November.

AKTUEEL

Ons plaas die [skrywe](#) vanaf die kantoor van die Algemene Sinode in sake die komende verkiesing. Ons bid ook hiervoor.

CMR Mpumalanga plaas hierdie [seerkry-storie](#).

"Hoe berei ek my kind voor op [toekomstige](#) trauma" – *die ontwikkeling van emosionele intelligensie* – op 25 Mei deur Wentzel Coetzer.

Op Saterdag 11 Mei 2019 tussen 09:00 en 12:00 bied dr Petrus Moolman 'n werkwinkel aan waartydens 'n kenner, dr Sulette Ferreira ('n maatskaplike werker in privaatpraktyk wat spesialiseer in die verwerking van verlies) ons gaan inlig oor haar resente navorsing oor die **emigrasie van kinders na die buiteland**. Sy het al by meer as een buitelandse kongres oor dié onderwerp gepraat. Ons poog om in 'n werkswinkelklimaat persone wat hierdeur geraak word, geleentheid te gee om saam na maniere te soek waarop hulle die verlies aan hulle kinders en kleinkinders (en ander familie en vriende) kan hanteer. Petrus Moolman 082 452 5826.

Missie Japan stuur hulle [nuusbrief](#) vir ons.

TOERUSTING

MPA 2 konferensie – Leraarondersteuningsbyeenkoms 21-22 Mei.
Lees meer [hier](#).

Ons hoor by **Bybel Media** van 'n nuwe [Bybelstudiereeks](#) wat uiteindelik die hele Bybel sal deurwerk. Die eerste Bybelboeke wat behandel word, is 1 en 2 Timoteus en Titus. Hulle vertel ook van 'n nuwe interaktiewe [Pinksterreeks](#) vir kinders oor die Heilige Gees.

Michiel van der Merwe stel 'n geleentheid bekend waar almal wat met [kinders](#) werk, toegerus word om die seerkry van kinders te hanteer.

VERJAARDAG – OOSTELIKE SINODE 40 JAAR

Op 2 November 2019 is ons Sinode 40 jaar oud. Ons gaan hier herinneringe uit die ouer dae opdiep. *Moet nooit die waarde daarvan om julle gemeente se geskiedenis te vertel en weer te waardeer, onderskat nie. Gesels gereeld oor die "groot dinge wat God gedoen het..."*

Ons **embleem** is in die vorm van 'n driehoek. Dis al vir jare só en beeld die drie primêre verhoudings waarin ons leef uit: met God, met mekaar en met die wêreld. Dis in hierdie verhoudings wat ons wil groei en getuig.

VERJAARSDAE – PREDIKANTE

11 Mei – Van Wyk Fischer, Silvertonkruin,
vanwykfischer@gmail.com

13 Mei – Eduan Naude, Lyttelton, eduannaude@absamail.co.za

15 Mei – Louis Fourie, Marble Hall,
louisfourie2008@hotmail.com

17 Mei – Jean Strydom, Nelspruit-Suid,

jean@ngnelspruitsuid.co.za

18 Mei – Sebastiaan van Dyk, Lux Mundi,
svandyk@luxmundi.org.za

VERJAARSDAE – EMERITI

Frikkie Olivier – voorheen van Gravelotte en Hendrina – is op 27 April oorlede. Ons dink aan Ria in hierdie moeilike tyd.
riaolivier524@gmail.com

8 Mei – Danie Dreyer, Tygerpoort 2016,
danie.dreyer51@gmail.com

12 Mei – Barend Piek, Graskop 2008, beertjie@polka.co.za

12 Mei – Wielie van Wyk, Middelburg-Suid 2018,
hanelievw@gmail.com

13 Mei – Petrus Moolman, Ligkruis 2015, lafras@mweb.co.za

18 Mei – Frans Conradie, Florida 2003, franscon@lantic.net

19 Mei – Jannie van Eeden, Groblersdal 2013,
dsveeden@lantic.net

VERJAARSDAE – GEMEENTES

11 Mei – Nooitgedacht Nooitgedacht, Nooitgedacht,
ngnoot@gmail.com (43)

12 Mei – Kerksondermure kerksondermure, kerksondermure,
fschoombee@ksm.co.za (33)

14 Mei – Halfweghuis Midrand (Halfweghuis), Midrand (Halfweghuis),
saakgelastigde@ngkerkmidrand.co.za (50)

19 Mei – Tzaneen-Wolkberg Tzaneen-wolkberg, Tzaneen-Wolkberg,
ngwolk@mweb.co.za (43)

20 Mei – Dennesig Dennesig, Dennesig, dennesig@xsinet.co.za
(28)

Francois Retief

Uitvoerende Amptenaar

uitamp@sinoos.co.za

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za

